Etiese waardes in ons samelewing

'n Projek van die Christiaan de Wet Fonds

'n Besprekingsdokument vir Die Afrikanerbond

Die Afrikanerbond
Besprekingsdokument - 3
September 2010
Prof Willem Landman

Etiese waardes in ons samelewing

Inhoudsopgawe **Bladsy**

1. Die mens as waardestellende wese ***3***

2. Terme en onderskeidings 4

2.1 Die konsepte ‘waardes’, ‘etiese waardes’, ‘etiek’, en ‘moraliteit’ 4
2.2 Deskriptiewe en preskriptiewe etiese waardes 5
2.3 Kultuurgebonde en universele etiese waardes 5
2.4 Absolute etiese waardes 6
2.5 Ander onderskeidings 7

3. Die oorsprong en ontwikkeling van etiese waardes ***8***

4. Waar vind ons ons morele kompas? ***9***

4.1 Suid-Afrika se geskiedkundige morele moment 9
4.2 Wat het verkeerd geloop en waarom? 10
4.3 Wat staan ons te doen? 10

4.3.1 Die minimum – Die Grondwet en wette van ons demokrasie 10
4.3.2 Die loop van die tweede myl 11
4.3.3 Ons sosiale en professionele rolle 12
4.3.4 Samevattend – Ons etiese verpligtinge 12

5. Etiek van en in organisasies ***13***

6. Slotsom – Morele hernuwing en ’n nasionale “morele kode” ***14***

1. Die mens as waardestellende wese

Deur die eeue is verskeie pogings aangewend om die mens se uniekheid of eiesoortigheid te verstaan en sodoende van ander lewende wesens te onderskei. So word die mens om die beurt byvoorbeeld uniek gesien as redelike wese, selfbewuste wese, sosiale wese, of 'n wese met 'n religieuse dimensie (spiritualiteit, biddende wese). Aangesien verskillende soorte diere ook op rasionaliteit kan aanspraak maak, en sekere hoëre primate selfs ook op 'n primitiewe vorm van self-bewustheid (konsep van self), moet terme soos 'rasionaliteit', 'selfbewustheid' en 'sosiale wese' eers verder gekwalifiseer word om hulle uniek op wesens van die spesie *Homo sapiens sapiens* van toepassing te maak.

'n Interessante aspek van hierdie debat is die moontlikheid dat slegs mense *waardestellende wesens* kan wees – naamlik dat slegs mense bewustelik waardes (standaarde of norme vir gedrag) vir hulself kan stel en dan kan slaag óf misluk om hul handelinge (doen en late) in te rig volgens die vereistes van daardie waardes. Ander wesens sou dan daarenteen slegs handel volgens biologiese begeerte of instink, dus onnadenkend en sonder refleksie.

'n Tegniese manier om dit te stel, is om te sê dat mense uniek is in die sin dat hulle 'n meta-bewustheid of tweede-orde bewustheid het – nie alleen is hulle bewus van die wêreld om hulle nie (en dit deel hulle met diere met gevoelsvermoë), maar hulle is óók bewus daarvan dát hulle bewus is van die wêreld. Hulle is dus "self-bewus", en belangrik, ook self-bewus van die waardes wat hulle vir hulself stel. Hulle het die vermoë om te dink óór hulle denke, dit te evalueer, en (indien nodig) te wysig.

Uiteraard is daardie meta-bewussyn of hoëre self-bewussyn nie altyd besig om selfbewus te funksioneer nie, maar dit is 'n unieke kapasiteit wat biologiese mens-wees – *Homo sapiens sapiens* – van die dier onderskei. Dieselfde sou oor die mens se hoëre rasionaliteit – abstrakte redenasievermoë – gesê kon word.

Voorts is dit voor-die-hand-liggend dat nie almal wat biologies mens is oor hierdie hoëre eienskappe wat die mens uniek maak, beskik nie. Dit mag wees as gevolg van lae of hoë ouderdom, of afwykende toestande van die brein (wat die voorwaarde vir die moontlikheid van alle bewussyn is).

Hierdie teoretiese ekskursie is slegs daarop bereken om aan te dui *hoe belangrik enige diskoers of gesprek oor waardes - en spesifiek etiese waardes - is*. Dis 'n gesprek oor wat die mens uniek maak, want *dis waarskynlik so dat waardes 'n inherente deel van unieke mens-wees is*. Dit is die geval selfs al definieer ons byvoorbeeld die unieke grondeienskap van die mens anders, want die vermoë om waardes te stel en ons gedrag daarna te rig, is 'n essensiële deel van ander eienskappe wat voorgehou mag word as kandidaat-eienskappe wat die mens se uniekheid vasvat. So, byvoorbeeld, kan ons nie biddende wesens wees as ons nie óók waardestellende wesens is nie.

Kortom, *indien ons ten opsigte van etiese waardes misluk, misluk ons ten opsigte van die hart of kern van mens-wees self*. En andersom, as mens dit positief wil stel.

2. Terme en onderskeidings

Dis nodig om terminologie op te helder, want dit bepaal of ons mekaar verstaan en hoe ons oor waardes dink.

2.1 Die konsepte 'waardes', 'etiese waardes', 'etiek', en 'moraliteit'

Verskillende individue en groepe erken uiteenlopende waardes as norme of standaarde vir hulle gedrag. Hierdie waardes is nie almal etiese waardes nie, en ons moet dus onderskei tussen waardes in die breë én spesifiek etiese waardes.

Anders gestel: die konsep 'waardes' is 'n inklusiewe konsep wat etiese sowel as nie-etiese waardes insluit, en moet dus nie met die konsep 'etiese waardes' gelyk gestel word nie.

Nie-etiese waardes sluit byvoorbeeld in stiptelikheid of innovering. Die prentjie word egter gekompliseer deurdat nie-etiese waardes in sekere situasies etiese implikasies het. Byvoorbeeld, as my werkgewer op my stiptelikheid reken, maar ek kom laat en benadeel hom sodoende omdat hy juis daarom nie op 'n kontrak kan lewer nie, het my gebrek aan stiptelikheid etiese *implikasies* in die omstandighede. Maar as ek tien minute laat is vir 'n afspraak met 'n vriend, opper dit geen etiese kwessie nie, hoewel my vriend geïrriteerd mag wees. Stiptelikheid *in sigself* is dus nie 'n etiese waarde nie.

Wat waardes spesifiek *etiese* (eerder as nie-etiese) waardes maak, is moeilik om te omskryf. Daar was etlike pogings in die geskiedenis van die filosofie om dit te doen.

Wat sekerlik die geval is, is dat etiese waardes 'n *graad van belangrikheid* het wat hulle meer sentraal maak tot *menselike welwese of welsyn*. Etiese waardes het op 'n besondere wyse te doen met mense se *mees basiese belange*, belange wat die voorwaarde is vir die leef van 'n uniek menslike lewe. Etiese waardes is daardie waardes waarvan die uitleef *die lewe die moeite werd maak*, of wat daarop bereken is om *die wêreld 'n beter plek te maak*. Dus, die uitleef van etiese waardes konstitueer (skep, bring tot stand) bepaalde konsepsies van hoe ons behóórt te leef en hoe die samelewing daar behóórt uit te sien.

Voorbeelde van etiese waardes is respek, integriteit, eerlikheid/waaragtigheid, outonomie, verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, regverdigheid en geregtigheid. Hierdie etiese waardes is as't ware grondwaardes, want sonder hulle sal menslike lewe sy eiesoortigheid verloor, of, ten minste, sou mense nie hulle volle menslike potensiaal kon ontwikkel nie.

Daar is natuurlik ook *on*etiese (in kontras met nie-etiese) waardes, en hulle is die negering of teenpool van etiese waardes. So is disrespek of leuenagtigheid ook waardes wat mense mag kies as rigtinggewend vir hulle lewens, maar sodanige waardes is die antitese van etiese waardes. Vandaar die uitdrukking "honour among thieves".

Dit is dus voor-die-hand-liggend dat *etiek gaan oor die uitleef van grondwaardes, waardes wat die uniekheid van menslike lewe radikaal bepaal*. Vir ons doeleindes kan die terme

'etiek' en 'moraliteit' as wisselterme gebruik word, soos tewens in die alledaagse lewe dikwels die gebruik is.

2.2 Deskriptiewe en preskriptiewe etiese waardes

Ons kan mense of groepe se waardes, soos dit nou is of deur die millennia was, beskryf. So 'n *deskriptiewe* (beskrywende) taak kom neer op 'n antropologiese bestekopname van die etiese waardes wat mense as rigtinggewend in hulle lewens aanvaar.

Waarin ons egter eerder geïnteresseerd is, is nie soseer watter waardes die geval *is* nie, maar om waardes as *preskriptief* (voorskrywend, rigtinggewend) te verstaan. Dit beteken ons wil weet watter waardes is die waardes wat ons *behoort* te aanvaar as rigtinggewend in ons lewe.

Kortom, *uiteindelik is ons taak om die etiese waardes wat die goeie lewe en goeie samelewing konstitueer of daarstel – sou hulle uitgeleef word – te identifiseer en te vra watter eise hulle in die praktyk van ons alledaagse lewe aan ons stel*.

2.3 Kultuurgebonde en universele etiese waardes

Die konsep van 'preskriptiewe waardes' bring die onderskeid tussen kultuurgebonde en universele waardes na vore.

Daar is waardes wat in sekere kulture, maar nie in ander nie, voorgehou word as preskriptief vir diegene wie se kultuur dit is. So, byvoorbeeld, is (of was) daar kultuurgroepe wat glo in die etiese aanvaarbaarheid van poligamie, vroulike genitaliese mutilasie, slawerny, of die doodslaan van 'n bees met kaal hande in 'n etniese ritueel

Waaroor ons dit egter hier het, is *preskriptiewe waardes in die universele sin – universele etiese waardes*.

Universele etiese waardes is daardie waardes waarvoor ons sou kon argumenteer dat *hulle in elke goeie en regverdige samelewing behóórt te bestaan in die sin dat hulle deur almal (universeel) aanvaar en uitgeleef behóórt te word*. Waardes sal dus steeds universeel wees al is dit in feite so dat hulle (nog) nie deur almal aanvaar en uitgeleef word nie. Die konsep van 'n 'goeie en regverdige samelewing' is dus 'n *regulatiewe idee of ideaal* wat vorm gee aan die waardes waarop ons ooreenkom – 'n idee wat "reguleer" watter waardes ons kollektief as universeel behoort te aanvaar.

Tewens, mens sou kon argumenteer dat die erkenning van universele waardes die voorwaarde is vir die moontlikheid van 'n lewe wat die moeite werd is om te leef juis omdat hulle die waardes is wat in enige goeie en regverdig samelewing aanvaar en uitgeleef behoort te word.

Maar "*bestaan*" daar werklik universele waardes – waardes waarvoor ons 'n saak sou kon maak dat hulle erken behoort te word in enige goeie en regverdige samelewing (preskriptief), al word hulle (nog) nie in feite universeel erken nie (deskriptief)?

Alle waardes ontstaan in die *geskiedenis* en is dus *historiese skeppings deur mense in hul sosiale omstandighede*, wat uiteraard dinamies en veranderend is. So ook met universele waardes, wat nie pasklaar uit die hemel val nie, maar die produkte is van mense wat in konkrete situasies in die geskiedenis van tyd tot tyd *ooreenkomste* of *afsprake* aangaan oor die waardes wat vir almal (universeel) in daardie groep of gemeenskap sal geld.

Sekerlik sou etiese waardes soos respek, eerlikheid en verantwoordelikheid sterk kandidate vir universele waardes wees. Ander voorbeelde van universele waardes, in die konteks van ons breë politieke interaksie en die ordening van samelewing, is demokrasie, die regstaat (die oppergesag of heerskappy van die reg), en menseregte. Voorts word universele waardes globaal erken in formele, internasionale ooreenkomste, soos die Universele Verklaring van Menseregte van die Verenigde Nasies.

2.4 Absolute etiese waardes

Universele etiese waardes moet van absolute etiese waardes onderskei word.

Absolute etiese waardes is waardes wat voorgehou word as waardes waarop daar *geen uitsondering* is nie, of wat nie deur ander waardes in bepaalde omstandighede *getroef* mag word nie.

So is daar sommiges wat argumenteer dat menselike outonomie, of vertroulikheid in professionele verhoudings (byvoorbeeld in die dokter-pasiënt-verhouding), absoluut onskendbaar is of sonder uitsondering gerespekteer behoort te word.

Daar kan egter nie absolute etiese waardes wees nie, waardes wat in alle omstandighede, sonder uitsondering, geld nie. Seker die hoogste etiese waarde is dié van menslike lewe – omdat dit die voorwaarde vir die moontlikheid van alle ander waardes is – maar selfs menslike lewe is nie 'n onskendbare, absolute waarde nie. Ons erken dat daar omstandighede is waarin ons geregverdig is – wetlik en eties – om menslike lewe te beëindig, byvoorbeeld in selfverdediging as dit die enigste wyse is om 'n moorddadige aanval te stop. (Sommiges mag redeneer dat daar ook ander sodanige regverdigings is, soos, aborsie, die doodstraf, genadedood, geassisteerde selfmoord, of doodmaak in oorlog.)

Dit beteken egter geensins dat etiese waardes ligtelik opgeneem mag word nie, of dat hulle sommer goedsmoeds deur ander oorwegings getroef mag word nie. Inteendeel, ons moet etiese waardes baie ernstig opneem as rigtinggewend in ons lewe. 'n Etiese waarde mag slegs getroef word deur 'n ander etiese waarde wat swaarder weeg in die omstandighede van 'n spesifiek situasie. Etiese waardes is dus eerder *prima facie* as absoluut – dit wil sê, hulle moet eerbiedig word *tensy* 'n ander etiese oorweging (waarde, beginsel op daardie waarde gebaseer) in die omstandighede swaarder weeg.

As etiese waardes in die praktyk bots, moet die morele agent hulle keuse vír een etiese waarde en téén 'n ander etiese waarde rasioneel kan verdedig.

Veronderstel byvoorbeeld dat 'n mediese dokter bevind hom in 'n etiese dilemma waar hy tussen respek vir die vertroulikheid van sy manspasiënt en die welsyn van daardie pasiënt se vrou moet kies. Die pasiënt is MIV-positief, maar wil nie sy vrou oor sy status inlig nie, ten spyte van die dokter se beste pogings om hom te oorreed om dit wel te doen. Wat ook al die dokter kies om te doen – en om niks te doen nie, is ook 'n keuse – sal hy vír een waarde téén 'n kompeterende waarde in daardie situasie moet kies – dis óf vir die vertroulikheid (en die onderliggende waarde van outonomie) van die man, óf vir die welsyn van die vrou. Wat hy ook al kies, moet hy aan die hand van goeie redes kan regverdig, byvoorbeeld die skadelike gevolge van elke opsie, of regte wat op die spel is.

2.5 Ander onderskeidings

Daar is natuurlik velerlei ander onderskeidings wat ten opsigte van waardes gemaak kan word.

2.5.1 So, byvoorbeeld, word gepraat van "landbou-waardes", "professionele waardes", of "Afrikaner-waardes". Hierdie is egter nie soseer eiesoortige of unieke waardes nie, maar is eerder gewoon 'n aanduiding van die etiese waardes wat wydverspreid of algemeen binne 'n spesifieke groepering erken en aanvaar word. Dit kan 'n verwysing wees na die (nie-etiese en etiese) waardes wat in die landbou, of in 'n professie, of onder Afrikaners in feite erken word (deskriptief), of die waardes wat ideaal gesproke daarin behoort te geld (preskriptief). Alternatiewelik mag 'n verwysing na hierdie groepwaardes bloot gaan oor die besondere kombinasie van waardes, of die besondere interpretasie van waardes wat in hierdie groepe erken word. So, byvoorbeeld, mag eerlikheid 'n besondere betekenis of tekstuur onder Afrikaners hê. Of hulle waardes mag ingeklee wees deur hulle besondere geskiedenis.

2.5.2 Omdat waardes sosiaal geskep word, leef hulle gewoonlik in 'n groep as groepswaardes. Maar individue mag daardie waardes assimileer en strenger definieer in hul persoonlike moraliteit. Dis die geval met groot morele hervormers, soos kampvegters vir die afskaffing van slawerny. Maar dit mag ook geld vir enige individu wat byvoorbeeld die waarde van eerlikheid strenger interpreteer en uitleef as wat sosiaal gangbaar in hulle groep is.

2.5.3 Etiek en die reg – en dus waardes in die etiek en die reg – het albei te doen met die stel van standaarde vir aanvaarbare optrede. Dikwels maak hulle dieselfde voorskrifte ten opsigte van 'n bepaalde gedragsvorm, soos moord of diefstal. Maar dikwels swyg die reg oor gedrag wat eties onaanvaarbaar is.

'n Voorbeeld is die wyse waarop mnr. Julius Malema, ANC-jeugleier, 'n BBC-joernalis beledig en uit 'n perskonferensie gejaag het. Wat hy gedoen het, was nie onwettig nie, maar dit was disrespekvol en beledigend, en dus oneties. (Die joernalis sou wel 'n persoonlike regsaksie teen Malema kon instel.)

So ook is die regering se winsneming uit die Medupi-kragsentrale oneties maar nie onwettig nie. Die ANC as regering kontrakteer met die ANC as politieke party deur middel van sy beleggingsarm, Chancellor House, wat 'n aandeel in Hitachi het wat op

sy beurt stoomketels vir die Medupi-kragsentrale verskaf. Dus kontrakteer die ANC in wese met homself. Geen wetlike voorskrif verbied dit nie, maar dis 'n duidelike konflik van belange, en as sodanig oneties.

'n Amerikaanse hoofregter het dit so gestel: "law floats on a sea of ethics". In 'n goeie demokrasie verwag mens dat wetgewing en regspleging uitdrukking sal gee aan onderliggende etiese waardes, soos byvoorbeeld in die Grondwet vervat. Maar die see is groter as dit wat daarop dryf – etiek kan nie in wetsbepalings, regulasies en reëls vasgevang word nie, maar oorskry dit.

3. Die oorsprong en ontwikkeling van etiese waardes

Waar kom waardes, insluitende etiese waardes, vandaan?

In die omskrywing van universele waardes hierbo, blyk dit reeds dat mense waardes skep in hulle interaksie met ander mense in die geskiedenis. Waardes is dus nie ahistories of losgemaak van die mens se sosiale handelinge en singewende denke nie. Waardes word nie as't ware van buite of van bo vir ons gegee nie. Waardes is uitdrukkings van ons verstaan van hoe ons met ander mense *behoort* saam te leef sodat *ons lewens die moeite werd is om te leef en ons gesamentlik 'n goeie en regverdige samelewing tot stand bring*.

Ons word dus nie met etiese waardes gebore nie, maar word in hulle gesosialiseer. Dit doen egter geen afbreuk aan die status van etiese waardes nie. Dit maak hulle nie minderwaardig nie.

Maar is etiese waardes dan nie in en deur ons verhouding met God, in ons godsdienbeoefening, aan ons gegee nie? Volgens die teïstiese godsdienste (soos Judaïsme, Christendom en Islam) openbaar God hom aan die mens in die geskiedenis. Dit is dus heeltemal in lyn met hierdie godsdienste dat ons etiese waardes in ons sosiale geskiedenis gestalte vind en deur tradisie aan ons deurgegee is. Ons ontvang hierdie tradisie nie as passiewe reseptore nie, maar neem dit opnuut op en hervorm of herskep dit om aan te pas by die eise van die tye waarin ons leef.

So byvoorbeeld is sekere praktyke wat in die tyd van Jesus deel van die sosiale milieu was, nie vir ons aanvaarbaar nie, soos slawerny, die mindere status van vroue, en gebrek aan 'n praktyk van menseregte. Maar ons kon slegs tot hierdie morele insigte kom omdat geslagte voor ons 'n sosiale ontwikkelingspad van morele bewuswording geloop het.

Dit alles dui daarop dat daar voortdurend 'n verandering in ons verstaan of interpretasie van morele waardes, en wat hulle van ons in praktiese situasies vereis, met die verloop van die geskiedenis plaasvind. Is daar dus van morele ontwikkeling sprake?

Is ons "meer moreel" as vorige geslagte?

Daar is uiteraard groot morele terugslae, soos die volksmoorde en wêreldoorloë van die 20ste eeu. Maar mens sou tog kon argumenteer dat 'n arendsoog oor die geskiedenis breë tendense aandui wat spreek van oorhoofse morele ontwikkeling. Ons is al hoe minder

geneig om mense te oordeel en te behandel op grond van moreel irrelevante eienskappe soos ras, kleur, etnisiteit, gender of ouderdom. In sigself het hierdie eienskappe niks met menswaardigheid te make nie. Die afskaf van slawerny, die stryd teen rassisme en seksisme, en die morele status wat aan diere met gevoelslewe toegeken word, is voorbeelde van morele ontwikkeling deur die geskiedenis heen.

4. Waar vind ons ons morele kompas?

Daar is tans 'n poging van die regering om 'n nasionale gesprek aan die gang te kry oor die wenslikheid en inhoud van 'n nasionale "morele kode." Pres. Jacob Zuma het dit al by verskeie geleenthede voorgestel. Adjunk-minister Paul Mashatile het Julie 2010 as 'n maand waarin ons hieroor gaan praat, verklaar. Min mense het hiervan kennis geneem. Dit is egter die legio etiese probleme wat deurlopend opduik wat meer tot die debat bydra as die president of adjunk-minister se sporadiese oproepe, soos die etiek binne die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL), of die voorgenome wetgewing om die media aan bande te lê.

Daar word toenemend gesê dat ons in 'n "morele moeras" verkeer of dat ons ons "morele kompas" verloor het. Een probleem is dat mense soos Zuma en Mashatile skaars in 'n posisie is om 'n geloofwaardige debat oor ons nasionale moraliteit aan die gang te kry. Zuma het 700 aanklagte van korrupsie en bedrog deur 'n politieke maneuver vrygespring; en hy het die kabinet se eie etiek-kode oortree deur te versuim om sy belange te verklaar. Toe Mashatile premier van Gauteng was, het hy en sy volle uitvoerende raad versuim om Carl Niehaus se korrupsie aan te meld, soos dit van hulle vereis word deur die openbare sektor se rapporteringslyn ("whistle-blowing hotline").

Opmerklik is dat Zuma egter hierdie debat oor ons "morele kode" as een verstaan wat handel oor respek vir die verskillende kulture waarin ons uiteenlopende morele opvattings ingebed is – of dit nou gaan oor die doodslaan van 'n bees met die kaal hande, of oor korrupsie.

Maar tensy *kultuurgebaseerde oortuigings onder die korrektief staan van "objektiewe" morele insigte (universele waardes!) wat ons in 'n demokratiese proses ooreengekom het*, sal die debat gou in dryfsand wegsak. Ons het immers duidelike anti-korrupsie verbintenisse in ons wetgewing.

Maar kom ons vergeet die twyfelagtige moraliteit en miskonsepsies van hierdie politieke rolspelers wat die debat aan die gang wil sit, en vra onsself af waar so 'n debat behoort te begin en waaroor dit gevoer moet word.

4.1 Suid-Afrika se geskiedkundige morele moment

Ons moet begin by daardie unieke moment in ons geskiedenis waartydens ons ooreengekom het om die grondreëls van ons land oor te skryf en as't ware van voor af kon begin – 'n voorreg wat min lande beskore is. Dikwels kan 'n land wat grondig wil hervorm of transformeer net stappie vir stappie in 'n nuwe rigting gestuur word, sonder om 'n skoon breek met 'n twyfelagtige verlede te maak.

Maar ons was uiters gelukkig. Alle Suid-Afrikaners het in 1994, deur middel van hulle verteenwoordigers, 'n *morele ooreenkoms* aangegaan waardeur die grondreëls van ons staat herskryf en in ons Grondwet van 1996 vasgelê is.

Ons Grondwet is op 'n fondament van etiese waardes gebou – soos respek (menswaardigheid), vryheid (menslike ontwikkeling), gelykheid (geregtigheid, insluitende administratiewe geregtigheid), menseregte, en die oppergesag (heerskappy) van die reg. Die Grondwet vra van ons *om aan hierdie etiese waardes gestalte te gee deur menseregte te laat leef in die demokratiese instellings wat ons bou*, soos in ons staatsdiens, gesondheidsorg, onderwys, en dies meer.

In hierdie Grondwet is 'n struktuur van wetgewing veranker wat veronderstel is om aan die etiese waardes wat in die Grondwet verskans is, gestalte te gee. So kry ons byvoorbeeld allerhande wetgewing wat verbruikers beskerm, vrye vloei van inligting moontlik maak, of die speelveld vir diegene teen wie voorheen onregmatig gediskrimineer is, gelyk te maak.

4.2 Wat het verkeerd geloop en waarom?

Ons het egter klaaglik misluk om ons pragtige verbintenisse tot etiese waardes – soos in ons Grondwet en wette vervat – uit te leef. Ons val plat by die toepassing of uitvoering van ons wêreldklas voornemens.

Ons kan spekuleer oor die redes hiervoor – waarom het dinge verkeerd geloop? Gebrek aan politieke wil, selfsug, gebrek aan integriteit, politieke ontplooiing, 'n kultuur van geregtigdheid ("entitlement") en so meer het seker almal 'n rol gespeel.

4.3 Wat staan ons te doen?

Die interessanter vraag is egter wat ons te doen staan vanuit 'n praktiese morele of etiese perspektief? *Wat moet ons doen om die universele etiese of morele waardes waarop ons ooreengekom het prakties in Suid Afrika uit te leef en sodoende die groot belofte (gelofte?) van 1994 gestand te doen?*

As vertrekpunt vir 'n oop gesprek oor ons "morele kode" stel ek voor dat ons na die etiese verpligtinge kyk wat deur die volgende van ons vereis word:

- Die minimum – Die Grondwet en wette van ons demokrasie (4.3.1);
- Die loop van die tweede myl – Verder as die wet (4.3.2); en
- Ons sosiale en professionele rolle (4.3.3).

Hierdie drie stelle etiese verpligting is só voor-die-hand-liggend dat hulle amper naïef voorkom. Maar hulle het die potensiaal om ons morele landskap op sy kop te keer, veral as ons leiers daarby inkoop.

4.3.1 Die minimum – Die Grondwet en wette van ons demokrasie

Ten eerste *vra etiek van ons – en by uitstek van ons politieke leiers – om ons te verbind tot die etiese of morele waardes wat in ons Grondwet vervat is.*

Uiters belangrik: dit sluit in *respek vir die onafhanklikheid en integriteit van demokratiese instellings deur die Grondwet daargestel*. Dis 'n kritieke voorwaarde vir die bou van 'n goeie samelewing waarin almal se belange op regverdige wyse gedien word.

Maar eiebelang en seksionele belang – veral die belang van politici en politieke partye – blyk al te dikwels swaarder te weeg. Vir Zuma om iemand van die kaliber van adv. Menzi Simelane as hoof van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG/NPA) aan te stel, is eties aanvegbaar. Simelane se bisarre besluite om die wapenskandaal in die kiem te smoor en effektiewe teenmisdaadeenhede te ontmagtig, takel die onafhanklikheid van hierdie demokratiese instelling af.

Senior politici se lukraak verwysings na "ongetransformeerde" howe of "apartheidsregters", ANC sekretaris-generaal mnr. Gwede Mantashe se verklaring dat 'n hofbevel oor haatspraak "onuitvoerbaar" is, of die ANC-jeugliga se verwysing na 'n hofuitspraak as 'n "dronk uitspraak", is aanvalle op die onafhanklikheid van die howe, en sodoende op die Grondwet en regstaat self. Dit spreek van 'n klaaglike onbegrip van die grondbeginsels van die demokrasie.

Voorts is dit ons morele verpligting om *wette en regulasies* te gehoorsaam, want hulle is in die waardes van die Grondwet ingebed. Dink net hoe onherkenbaar ons leefwêreld sou verander as ons almal ons etiese plig sou nakom deur ons te weerhou van wetsoortreding en misdaad, belasting te betaal, verkeersreëls na te kom, die fluitjie teen korrupsie te blaas, en dies meer.

Wetsoortreding ondermyn etiek. Om te herhaal – 'n Amerikaanse hoofregter het dit só gestel: "die reg dryf op 'n see van etiek." Lippediens aan anti-korrupsie, byvoorbeeld, deur gebrek aan optrede teen praktyke wat ten hemele skry omdat dit die armstes besteel en die bevoorregtes verder bevoordeel, is daarom ten diepste 'n etiese vergryp.

4.3.2 Die loop van die tweede myl – Verder as die wet

Ten tweede het ons *'n morele verpligting ("obligation", "duty") om etiese kwessies waaroor die reg swyg, aan te spreek eerder as om die reg se stilswye as goedkeuring vir ons doen en late te beskou*. Dat sekere etiese verpligtinge wetlik onafdwingbaar is, maak hulle nie daarom minderwaardig nie. Inteendeel, ware mens-wees sonder 'n morele dimensie is ondenkbaar.

Die reg mag swyg oor ANC-jeugleier mnr. Julius Malema se gebrek aan respek vir die media of vir diegene wat van hom verskil, maar sy kwetsende taal en beledigings is steeds 'n beduidende etiese kwessie, want dit sleep ons land se naam deur die modder. So ook as die reg swyg oor gebrek aan integriteit, eerlikheid, verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, of regverdigheid.

Vir die ANC om aan te voer dat daar geen wet is wat hom verbied om wins te maak uit die Medupi-kragsentrale nie, is om met etiek te smous. Wanneer die ANC as politieke party, deur middel van die ANC as sake-onderneming, met die ANC as regering sake doen, gaan dit

om konflik van belange en selfverryking deur magsmisbruik waar andere se wesenlike belange op die spel is. En dis 'n ernstige etiese kwessie, of dit nou litigeerbaar is of nie.

Maar die tweede myl stel vrae aan elkeen van ons met betrekking tot etiese verpligtinge wat verder as die wet gaan – verpligtinge teenoor ons medemens, die groep waaraan ons behoort, ander groepe, en die hele gemeenskap (land). Hoe moet ons maak met die bedelaar wat ons pad kruis? Met armoede? Met menslike nood? Met besoedeling van die omgewing? Met oneerlikheid? Met onregverdigheid?

4.3.3 Ons sosiale en professionele rolle

Ten derde het ons *'n morele verpligting om eenvoudig te doen wat die verkillende sosiale en professionele rolle waarin ons ons bevind, van ons vereis – persoonlik en professioneel*.

Elkeen van ons is 'n lewensmaat, ouer, kind, vriend, werkgewer, werknemer, en dies meer. In elkeen van hierdie rolle kan ons slaag of misluk om te doen wat andere met goeie reg van ons verwag.

Dink net as ons openbare amptenare gewoon dienste sal lewer soos hulle werksomskrywings van hulle vereis. Sannieshof se strate sal vry wees van rou riool, slaggate sal nie meer mense vermink of dood nie, en in openbare hospitale sal verpleegsters weer na pasiënte omsien eerder as om hulle te terroriseer.

Kortom, om ons werk te doen, is 'n etiese projek. Etiek is nie duister of onduidelik nie. Etiek is reg daar waar ons slaag of misluk om die alledaagse verantwoordelikhede van die rolle wat ons vir onsself gekies het, of aan ons toevertrou is, uit te leef.

Maar etiek staan dikwels weerspannig teenoor ons selfgesentreerde agendas. Etiek is die teenpool van ongebreidelde najaag van eiebelang wat sy eie koers inslaan, ongeag die eise van etiese waardes. Dit beteken nie etiek staan onverskillig teenoor mense se persoonlike of individuele belange nie.

Dit beteken egter wel dat etiek almal se belange onpartydig of sonder aansien des persoons op die hart dra, en dus nie die belange van een *ten koste van* die ander bevoordeel nie. Selfverryking deur ander te benadeel, andere leed aan te doen, en dies meer, is dáárom juis oneties. So kan ons nie lewens hê wat die moeite werd is om te leef nie, of 'n goeie en regverdige samelewing bou nie.

4.3.4 Samevattend – Ons etiese verpligtinge

Ons etiese verpligtinge word dus in die volgende gevind:

- Die Grondwet en wette;
- Dit waaroor die reg swyg (of verder as die wet gaan); en
- Ons verskillende sosiale en professionele rolle.

Maar sien ons kans vir so 'n morele kompas wat met ons eiebelang en voorkeure mag bots? Indien nie, is Zuma se voorgestelde debat oor 'n "morele kode" van meet af aan vrugteloos en dus tydmors.

Indien ons wél die etiese verpligtinge wat deur hierdie drietal aan ons gestel word, eerlik sou nakom, sal ons land 'n radikale morele transformasie ondergaan. Die uitdaging vir ons – en by uitstek vir ons leiers – is om:

- Hierdie verpligtinge en die onderliggende etiese waardes waarin hulle veranker is, te ontleed en uit te spel – as't ware te *"vertaal" in praktiese eise* ("analysis"; "understanding"; "translation");
- Ons openlik aan die praktiese eise wat etiese waardes en verpligtinge aan ons stel, te *verbind* ("commitment") ;
- Deurlopend te poog om etiese waardes en verpligtinge na die beste van ons vermoë *in ons handel en wandel uit te leef* ("action"; "conduct"; "behaviour"); en
- Mekaar wedersyds *verantwoordbaar of aanspreeklik* te hou vir optredes in ooreenstemming met hierdie waardes en verpligtinge ("accountability").

Kortom, ons moet verstaan wat ons te doen staan, ons daaraan verbind, dit uitvoer, en onsself blootstel vir aanspreeklikheid.

En dit geskied op verskillende terreine – in ons persoonlike en sosiale lewens, in organisasies en in ons professies, en in die burgerlike samelewing en wyer politiek van die land.

5. Etiek van en in organisasies

Ons leef ons etiese waardes en verpligtinge – of gebrek daaraan – nie net in ons persoonlike lewens uit nie, maar ook gesamentlik en individueel binne organisasies waarvan ons lede is – van 'n sake-onderneming of staatsdepartement tot 'n tennisklub.

Organisasies is kollektiewe morele agente, en ons praat dus van sake-ondernemings as "korporatiewe burgers." Dit beteken dat organisasies – analoog aan individue – magte, regte en verpligtinge het. Hieruit volg dat nie net individuele lede van organisasie eties of oneties kan optree nie, maar ook 'n organisasie as "kollektief."

Wanneer ons besin oor die etiese waardes en verpligtinge wat op ons doen en late betrekking het, moet ons ook na die optredes van organisasies as kollektiewe morele agente kyk.

In die *King III*-verslag word vier etiese waardes as die morele grondslag vir die beheer ("governance") van organisasies neergelê – verantwoordelikheid, aanspreeklikheid (verantwoordbaarheid), regverdigheid, en deursigtigheid.

Hierdie waardes is die riglyne waarvolgens korporatiewe- en politieke leiers 'n etiese kultuur binne ons organisasies behoort te skep.

En om ’n etiese kultuur te skep, moet leiers van organisasies die nodige strategieë, strukture en prosesse in plek kry.

6. Slotsom – Morele hernuwing en ’n nasionale “morele kode”?

Het ons ’n nasionale “morele kode” nodig?

Ek is skepties is oor die opstel van ’n *dokument* wat die gevaar loop dat mense sal dink dat ons etiese debat nou afgesluit is, of dat die blote gegewe van so ’n dokument mense eties sal laat optree.

Nogtans het ek ’n oop gemoed oor die wenslikheid en haalbaarheid van die opstel van ’n kort verbintenis, onderneming of “eed.” Maar die proses moenie deur politici gedryf word nie. En dit moet ’n “lewende” dokument wees wat ons almal sal dwing om die implikasies daarvan ernstig te debatteer wanneer ons groot sosiale euwels – soos korrupsie, of magsmisbruik, of swak dienslewering – konfronteer. Anders is die dokument net vir vertoon en is mense se verbintenis daaraan vals of leeg.

Om enigsins ’n praktiese impak op ons gedrag en dus samelewing te kan maak, moet so ’n dokument kort en duidelik wees. Maar dan sal dit noodwendig vaag en algemeen wees, op die vlak van verbintenis tot breë waardes. Gevolglik sal dit beswaarlik as duidelike kompas vir morele gedrag kan dien.

Voorts moet etiek nie tot ’n *tydperk*, soos ’n morele vernuwingsmaand, beperk word en sodoende in ’n ghetto geplaas word nie. Ons moet etiek voortdurend lééf, in elke besluit wat ons neem en elke handeling wat op ander en die samelewing kan impakteer.

Wat ons sekerlik moet doen, is om die etiese waardes wat ons in ’n goeie en regverdige samelewing wil sien gestalte kry, te debatteer. Sodoende moet ons tot ’n beter begrip kom oor wat ons te doen staan. “Morele hernuwing” begin met ernstige *besinning* oor wat ons morele verpligtinge is, “vertaal” in praktiese terme.

Maar dit mag nie daar eindig nie. Ons moet ons ook *verbind* aan die uitvoering van ons morele pligte, dit inderdaad *uitvoer*, en onsself beskikbaar stel om tot *verantwoording* geroep te word.

Etiek is immers wat ons uniek mens maak en is ’n integrale deel van ons mens-wees. Ons kan nie net nou en dan ons toon daarin steek om as’t die water te toets nie. Dis nie ’n nagedagte tot dinge wat eintlik saak maak nie. Etiek ís wat en wie ons is.

Eerder as ’n nasionale debat wat met groot fanfare afskop en dan stoom verloor, *moet ons in elke aspek en taak van ons lewe vra wat is dit wat basiese etiese waardes van elkeen van ons verwag*. Dis ’n opdrag wat nooit ophou nie.

Morele opvoeding is onontbeerlik vir die morele leefwyse – opvoeding op skool, in die werkplek, by die huis. En daar is geen beter opvoedingsmetode as om stories – waar of

fiksie – te vertel waar die karakters morele keuses moet maak nie. Daardie stories kry ons uit ons godsdiens, uit ons (Afrikaner-) geskiedenis, van ander mense, uit ons eie ervaring, en uit romans.

So word waardes soos respek, eerlikheid, lojaliteit, verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, geregtigheid, deursigtigheid, demokrasie, en menseregte ingeskerp. Maar so ook word die menslike *deugde* ("virtues") – wat die emotiewe of affektiewe dryfkrag is agter ons *rasionele besinning* oor wat etiek of moraliteit van ons verwag – aangeleer, soos simpatie, empatie, of naasteliefde.

Pres. Zuma se debat oor ons "*morele kode*", vermoed ek, sal nooit van die grond af kom nie. Die onus rus dus op ons as betrokke en besorgde burgers van die land om die ware debat oor wat ons eties of moreel te doen staan, aan die gang te hou, of dit nou gaan oor Sannieshof, die komende bedreiging vir vryheid van spraak (spesifiek mediavryheid), of wat ook al. Sonder ophou.

Ek vermoed dat *ons openbare etiek al hoe meer onder druk gaan kom* namate politieke lojaliteite toenemend vloeibaar raak en politici in magposisies gevolglik meer beheer en kontrole wil uitoefen, soos met die (pas genoemde) voorgestelde wetgewing om die media aan bande te lê en die vloei van inligting te beperk.

Nie net het ons te veel politieke leiers wie se etiek of integriteit dikwels gewoon afwesig is nie, maar selfs al wíl hulle dat sake in die land goed en reg verloop, is te veel mense in besluitnemingsposisies onder die politieke topbestuur sonder 'n morele kompas, of het hulle private agendas ingeklee deur eiebelang. Hierdie onmag van ons politieke leiers om hulle waardes en werksetiek te laat geld, indien hulle inderdaad so ingestelt sou wees, maak juis gewone mense se etiese betrokkenheid soveel belangriker.

Om stil te bly, is geen opsie nie. Die *burgerlike samelewing* en *media* het 'n meer kritieke rol as ooit tevore om basiese etiese waardes aan die lewe te hou – ten einde 'n goeie en regverdige samelewing te help bou waarin dit vir ons almal die moeite werd is om te leef.

Willem Landman
September 2010